Saterdag 2 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 3:1-21

Fokusgedeelte: Johannes 3:3-8

## Alleen deur God se genade van die wedergeboorte deur die Gees sluit Hy vir ons die lewe van sy koninkryk oop

Vanweë die sonde is alle mense verlore en sal in uiterste ellende lewe en sterwe! Christus stel dit in vers 3 duidelik. Geen mens kan uit homself deel kry aan die ware en ewige lewe in God se koninkryk nie! Daar is maar net een manier waarop 'n mens deel kan kry aan die ware en ewige lewe wat God bied en dit is as God jou verander. 'n Verandering so dramaties en lewegewend soos 'n fisiese geboorte aan 'n mens die lewe skenk sonder dat jy enige aandeel daarin gehad het!

Hierdie geestelike geboorte word die "wedergeboorte" genoem. Wanneer God die Heilige Gees in jou hart nuwe lewe en geloof skenk. Esegiël beskryf dit so in hoofstuk 36:26: *"Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee."* So kry jy deel aan die koninkryk van God!

Net God sluit vir jou die lewe van sy koninkryk oop. Jy kan dit nie self kry of bewerk nie. Jy kan nie daarvoor kies of daarteen kies nie. Dis die leuen waarmee Satan Adam en Eva in sonde laat val het en dit is die leuen wat vandag nog verkondig word: Jy kan self! Nee, jy kan nie – net God kan! Hy skenk dit uit genade aan verlore mense!

Hierdie genade berus op die feit dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy sy Seun Jesus Christus na die wêreld stuur om vir die sonde van die mens te betaal. Christus betaal, Hy koop die verlore mens los van Satan, en die Gees skenk aan daardie mens geloof en 'n nuwe lewe.

Deur ons geloof deel ek en jy aan al die heerlike genade wat God in sy koninkryk vir sy kinders wil skenk. Wat maak ons met ons "genade", hierdie lewe in die koninkryk van God? Vers 21 wys ons die pad: Wie volgens die waarheid wandel, kom na die lig toe sodat dit duidelik kan blyk dat sy of haar dade in gehoorsaamheid aan God gedoen word!

*Sing: Skrifberyming 1-3:1, 3*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*